

Skrifgedeelte: Lukas 22:31-34

Fokusgedeelte: Lukas 22:32

Jubel oor die Here se liefdevolle waarskuwing

Na die instelling van die Nagmaal, net voor Jesus se gevangeneeming, spreek Jesus Petrus regstreeks aan: “Simon, Simon!” Hoekom gebruik Jesus nou juis Petrus se oorspronklike naam? Hy het dan Self vir hom die “Petrus-naam” gegee? Met “Simon, Simon” wys Jesus Petrus hy moet dit wat Jesus nou sê, ter harte neem.

“Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif.” Die dissipels, veral Petrus, moet van nou af baie waaksaam wees. Satan wil nou die dissipels pak, want hy wil die dissipels sif soos koring: hy wou hulle skud en skok sodat hulle van die Here sou afval en met Hom volkome sou breek, soos wat Judas gedoen het. Petrus sou veral onder skoot kom.

Daarom praat Jesus ernstig en liefdevol met hom: *“Simon, Ek het vir jou baie ernstig gebid dat jou geloof nie sal ophou en jy nie met My sal breek en so ewig verlore sal gaan nie.”* Petrus sou uit Jesus se woorde kon aflei dat Satan se aanslag geweldig sou wees en dat hy biddende wakker hiervoor moes wees.

Petrus het reeds sy geloof in Jesus bely. Hy glo in Jesus, maar hy ken nog nie homself en sy eie swakheid en dat Jesus vir hom sou moes sterf en opstaan nie. Hy maak staat op sy eie krag om Satan te kan weerstaan. Jesus waarsku hom dat hy baie diep sal val, maar dat hy bewaar sal word vir totale afval. Dan moet hy ander versterk om vas te hou aan die Here. Selfs toe Petrus Jesus werklik verloën het, het die Here hom steeds bly vashou en vir hom gely en gesterf.

Ons kan jubel oor die Here se liefde waarmee Hy ons aan die einde van die jaar nog ’n keer vashou en waarsku dat ons nie op eie krag moet staatmaak nie.

Sing: Psalm 73-1:10

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)